DLI/0001-0003-002

DAVIS, Lionel

H.63.

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0191 | 900602154 | | |

BK NK

Rapport Jg. 20 Nr. 22 P. 4 Dat. -3 JUN 1990

TREFWOORDE

1

2

3

4

5

6

7

8

9

10

# Lionel is toegewyd

LIONEL DAVIS, grafiese kunstenaar en kulturele werker verbonde aan CAP (Community Arts Project), besit as mens 'n merkwaardige teenwoordigheid vanweë sy warm persoonlikheid en aardse vriendelikheid.

Sy doelgerigtheid as kunstenaar en mens vervul met 'n oneindige toegewydheid en 'n gemeenskapsgees, spruit uit intense indrukke en ervaringe tydens sy kinderjare en jeugjare in Distrik Ses.

"As stadskind het ek op 'n baie vroeë ouderdom bewus geword van 'n tekenvermoë," vertel Davis. "Ek meen nie hierdie vermoë is noodwendig ingebore nie, maar wel aangeleer op 'n vroeë ouderdom." Ekstra

Deur 'n waarneming van die speletjies van maats in sy omgewing, het Davis onder meer bewus geword dat hy skeppend kan teken. "Vir kinders wat in 'n ghetto-situasie grootword, word die sypaadjie 'n tekenbord en 'n stuk kryt 'n kosbare besitting."

Strokiesprent karakters uit die veertiger- en vyftigerjare soos "Mutt and Jeff", "Brick Bradford", "Zorro" en "Batman" was die onderwerpe wat Davis en sy jong maats daardie tye geprobeer weergee het in hul sypaadjie-tekeninge.

"Dit was 'n gewilde vorm van tydverdryf vir ons," sê hy. "Die bioskope was ook invloedryke medium."

Tydens sy kinderjare het hy talle ander belangstellinge gehad. As gevolg van 'n totale afwesigheid van kunssentra en opleiding, het sy begeerte om te teken vir 'n tyd lank nie uitdrukking of rigting gevind nie. "Die liefde vir tekenkuns het nogtans by my gebly, hoewel my vriende met hul aktiwiteite my aandag van die onderwerp afgetrek het."

In hierdie vroeë stadium van sy lewe het Davis nie oor 'n breë kennis van ander kunstenaars beskik nie.

"My begrip van wat kuns eintlik was, het in daardie stadium bestaan uit 'n waarneming van die skets-afdrukke op die mure in Distrik Ses," vertel hy.

'n Belangrike bron van aanmoediging in sy loopbaan, is die grafiese kunstenaar en skrywer, dr. Peter Clarke, met wie se werke hy al vroeg in sy lewe kennis gemaak het.

**Foto en artikel deur GAVIN DU PLESSIS**

"My politieke betrokkenheid het in 1960 ontstaan. My eerste politiese reaksie was 'n anti-wit gevoel. Ek dink baie jong mense gaan deur so stadium," verduidelik hy.

APDUSA (African People's Democratic Union of South Africa) bied tydens daardie jare vir Davis sy eerste basiese politieke begrippe – "hoewel dit beperk was".

"Ek het al hoe meer bewus geword van omstandighede in die land," vertel hy.

"Anti-wit gevoelens het 'n mindere belangrike rol in my lewe begin speel vanweë my groeiende insigte. Ek het bewus geword van die feit dat elke witmens nie 'n 'anti-face' is nie, net so min soos elke swartmens 'n 'comrade' is."

Verdere politiese bedrywighede met die NLF (National Liberation Front) het veroorsaak dat Lionel Davis in 1964 Robbeneiland toe gestuur is.

"Ons het die regte ideale gekoester, maar ons benadering was heeltemal te naïef gewees. Ons het nie besef dat die Staat hul eie planne vir ons gehad het nie," sê hy.

As 'n gevangene op Robbeneiland, het Davis diep en